

KINDERWERKKAART – GAL. 5:23

**Wie die vrug van die Gees dra,
gaan die poorte van die hemel in!**



OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK


- Lees deur die hele hoofstuk van **Galasiërs 5** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Let op dat God vir ons riglyne gee oor hoe om te lewe.
- Lê by die kinders vas dat:
 - Jesus het vir ons sondes gesterf, so nou is ons vry
 - Ons doen almal elke dag sonde
 - Wat saak maak is dat ons *glo* dat God vir ons lief is en om te wys dat ons mense liefhet deur dit wat ons **doen**
 - God wil hê ons moet na Hom luister en doen wat Hy vra
 - Ons moenie slegte dinge doen nie (soos vloek, jaloers wees ens)
 - Die vrugte van die Gees is:
 - Liefde
 - Vreugde
 - Vrede
 - Geduld
 - Vriendelikheid
 - Goedhartigheid
 - Getrouheid
 - Nederigheid
 - Selfbeheersing
 - En dit is hoe ons vir ander mense wys ons is lief vir hulle en dat ons kinders van God is.
- Sing saam Psalm 25:2 “Leer my Heer U regte weë” – net vers 2

Psalm 25:2

Leer my, Heer, u regte weë,
Wys die regte pad my aan;
Maak my hart daartoe geneë,
Om met lus daarop te gaan.
Wil my deur U waarheid leer,
Lei my dwalende gedagte;
Want U is my heil o Heer!
U is ek altyd te wagte.



Werkkaart vir peuters en kleuters (0-4 jaar)

(Kleur in, knip die vrugte uit en plak dit op die boom)



Werkkaart vir kindertjies (4-9 jaar)

Lees Galasiërs 5:23 – 24 en gebruik die vrugte van die Gees in volgorde om uit die doolhof te ontsnap en by Jesus uit te kom. Moenie na die slegte woorde toe gaan nie, dit lei jou op die verkeerde pad.



Begin hier

Laat mamma of Pappa jou help. Kyk na die goeie en slegte eienskappe hieronder en dink aan 'n voorbeeld van elkeen. Sê hoe dit God laat voel as jy dit doen.

Eienskappe	Gee 'n voorbeeld	Is dit goed / sleg?
Liefde		
Kwaad		
Vreugde		
Vrede		
Lelik praat		
Geduld		
Ongeduld		
Vriendelikheid		
Goedhartigheid		
Nederigheid		
Selfbeheersing		